



Kynoch kry nuwe aan- Kynoch deelhouer

Die honderd jaar oue Suid-Afrikaanse kunsmismaatskappy, Kynoch, het met ingang 1 Julie 2014 van eienaarskap verwissel nadat Export Trading Group (Edms.) Bpk. (ETG), 'n multinasionale maatskappy met 'n groot voetspoor in Afrika, die Kynoch-aandeel van Farmsecure Holdings aangekoop het.

ETG doen reeds die afgelope 30 jaar sake in Afrika en is tans werksaam in 42 lande wêreldwyd. Die maatskappy se visie is om die voorste verskaffer van Afrika-landbouprodukte aan die wêreld te word. Voorts streef ETG daarna om deur die globale bemerking van sy plaaslik-vervaardigde kommoditeite, 'n sleutelrol in die groei van die vasteland te vervul. Met die oog hierop, fasiliteer ETG nie net die afset van landboukommoditeite nie, maar verskaf ook insetkommoditeite aan die boere. Onder die nuwe ETG-eienaarskap, is dit steeds "sake soos gewoonlik" vir Kynoch. Met hul visie om die voorste verskaffer van plantvoedingsoplossings aan boere in Suidelike Afrika te wees, bly Kynoch steeds aan die spits van nuwe tegnologieë

en innovasie. Die maatskappy sal hom steeds toespits op die verbetering en doeltreffendheid van sy kunsmisprodukte en die verhoging van plantvoedingsopname deur gewasse, om sodoende die produktiwiteit en winsgewendheid van sy kliënte te verbeter.

Kynoch het die produksiefasiliteite, infrastruktuur en personeel om omvattende produkte en diens aan boere in die substreek te lewer. Die verkryging deur ETG via sy filiaal ETG Grains, sal Kynoch egter in staat stel om die logistiek, infrastruktuur en handelsinergieë in die ETG-groep te benut om die Kynoch-handelsnaam en voetspoor in Suid- en Suidelike Afrika uit te brei en die nalatenskap wat oor die afgelope eeu daargestel is, voort te sit.

Ter viering bied Kynoch sy kliënte die geleentheid om 'n bykomende afslag op hul 2015-kunsmisaankope te wen. Kliënte wat gedurende die seisoen die volledige reeks Kynoch-kunsmisprodukte koop (wat Kynopop™ en Oemff® insluit) sal deel wees van die trekking, waarna een gelukkige kliënt die bykomende afslag sal ontvang.

